
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*In die party-politiek word Afrikaners uitgesluit as vyande.*

# Die O.B.



*In die Ossewa-brandwag word Afrikaners ingesluit as broers.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 5 AUG. 1942. No. 39.

# Grootraad Omvattend Uitgebou

## DUIDELIKE GRONDSLAG WAAROP O.B. AS VOLKSBEWEGING STAAN

## KRAGTE INGESPAN MET OOG OP VRYHEIDSTAAK

**Onderstaande verklaring in verband met die uitbouing van die Grootraad, en daarmee die Ossewabrandwag as omvattende volkseenheidbeweging waarbinne alle volkskragte tot 'n eenheid saamgesnoer sal word met die oog op ons vryheidstaak, is deur prof. L. J. du Plessis, Hoof van die Beleidsafdeling van die Grootraad, uitgereik:**

Reeds verlede jaar is deur die Offisiere-laertrek besluit tot uitbouing van die Grootraad deur verteenwoordiging daarin te gee aan al die vernaamste vertakkinge van die volkslewe.

Hierdeur is uitdrukking gegee aan 'n behoefte wat al geruime tyd gevoel is en wat intussen versterk is deurdat die O.B. deur die ander volksorganisasies in die steek gelaat is met hulle onttrekking uit die Afrikaner-Eenheidskomitee onder party-politieke druk.

Want die gevolg hiervan was dat die O.B. nou sonder hulp van buite moes optree as omvattende Afrikaanse volksbeweging en dus ook sy leiding meer volksverteenwoordigend moes maak.

Dit kon egter nie onmiddellik gedoen word nie, veral omdat die hewige aanvalle van imperialistiese en nasionalistiese party-kant die betroubaarheid van baie persone aan 'n toets onderwerp het, waarvan die uitslag eers afgewag moet word, en ook omdat die druk van die tye weinig tyd oorgelaat het vir planmatige ontwikkeling.

Maar nou het die Grootraad op sy jongste sitting in Bloemfontein die beslissende stap gedoen tot verwesenliking van die gestelde ideaal. **Daar is naamlik oorgegaan tot die instelling van Studie-laers in al die Universiteitstede, bestaande uit deskundiges op verskillende terreine, met 'n Uniale Koördinerende Hoof wat verantwoordelik is teenoor die Grootraad en die Kommandant-generaal.**

Die taak van die Studie-laers sal wees om beleidsvraagstukke te bestudeer en beleid uit te werk by wyse van advies aan die Grootraad, wat dan ook verwerk kan word vir voorligting van die O.B.-Dienslaers.

Hoofsaaklik uit die lede van die Studielaers sal dan, na mate hulle daarin na vore tree, benoem word die addisionele lede van die Grootraad as hoofde van die verskillende beleidsvertakkinge. Nou reeds is die Uniale Studielaerleier also benoem tot lid van die Grootraad.

### DIE GRONDSLAG

As grondslag vir die beleidsvoering is neergelê die pas gepubliseerde brosjure: „Die Ossewabrandwag, vanwaar en waarheen," wat reeds in duisende versprei word en waarvan binnekort 'n vereenvoudigde uittreksel aan die Dienslaers tot beskikking gestel word.

Duidelikheidshalwe het die Grootraad egter 'n paar groot beginsels neergelê as fondament vir die uitbouing van die Grootraad en die ontwikkeling van die O.B. as (of tot) volksbeweging van die Afrikanerdom en alle potensiële Afrikaners, min of meer soos volg (ek kan die besluite nie heeltemal letterlik weergee nie, omdat ek die notule nie tot my beskikking het nie: maar dis ook nie nodig nie):

**1. Hiermee tree die O.B. op as volksbeweging sonder formele verband met enige ander volksorganisasie en allermins met enige politieke party.**

**2. As sodanig stel hy hom direk teen die liberalisme, kapitalisme en Britse Imperialisme en dus ook teen die volksverdelende party-stelsel, hoewel hy teen bepaalde republikeinse partye slegs verdedigend sal optree.**

**3. As grondslag erken hy hierby die Woord van God en die Republikeinse tradisie van die Afrikanerdom, met ontwikkeling van laasgenoemde in die gees van die Rewolusie van die twintigste eeu, maar dan, volgens die Calvinistiese grondslag van die Afrikaanse Republikanisme met:**

**(a) 'n Voortdurende beroep op die Heilige Skrif;**

**(b) Erkenning van die selfstandigheid van die kerk, van die individu, die gesin en elke belangrike nasionale kultuurorganisasie volgens elkeen se eie aard en bestemming, onderhewig aan die regte van die gemeenskap;**

**(c) Beperking van die nasionale saamskakeling van die volkslede en die samelewingsinstellinge tot wat noodsaaklik is vir die verwesenliking van die volk se eenheidsbestemming in die vestiging en ontwikkeling van die volkstaat.**

Om die O.B. nou so te kan organiseer dat dit as Republikeinse Volksbeweging daardie saamskakeling kan verwesenlik, is verder besef dat dit onder 'n leiding moet staan wat in die volle sin volksverteenwoordigend is en wie se gesag berus op sy volksverteenwoordigende karakter en sy voortdurende bekragtiging deur die mees aktiewe volkslede, en dat dit doeltreffend gerig moet wees op voorbereiding van die volkstaat verbonde met die aanknoping en ontwikkeling van die nodige buitelandse vriendskapsbande met state binne ons geestes- en belangegemeenskap.

### HERSIENING

Met die oog hierop is o.a. besluit tot 'n deurtastende hersiening van die O.B. se organisasie deur:

(a) Uitsuiwering van bo tot onder van alle elemente wat onbetroubaar en andersins ongesond geblyk het;

(b) Uitbreiding van die Grootraad soos bo aangedui, met dien verstande dat met verloop van tyd nog altyd elemente bygevoeg kan word wat voorlopig nog nie verteenwoordig kan word nie;

(c) Versterking van die sentrale leiding en uitvoerende mag, teenoor 'n oorblywende ongesonde provinsialisme deur beter finansiëring daarvan en beleidsvorming daarvoor;

(d) Bekragtiging van die sentrale gesag deur 'n Uniale Offisiere-laertrek na behoorlike voorbereiding.

In verband met die algemene beleid is nog besluit om besondere nadruk te lê op die positiewe bevordering van die volksbeweging en die volkstaat so veel moontlik in saamwerking met bestaande instellinge, op die toespitsing van die negatiewe stryd teen die oorblyfsels van Britse oorheersing in Suid-Afrika, en op die versterking van die ondersteuningsaksie vir vervolgde

*Vervolg op bls. 4.*




# Schoemannello-Drank

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

**Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.**

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

BESTEL VAN

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142, OUDTSHOORN.



# .W. VOIGT BPK.,

**HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*

*Kelder en Besproeiings Masjienerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.

**Posbus 10, Hugenoot.**


*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

# „H.N.P. Het in Duie Gestort" Sê Duitse Radio

## Dog Dr. Malan aanvaar dit as gunstige antwoord


In sy toespraak op Eppingtuindorp het dr. Malan die Duitse antwoord op sy eis dat Duitsland moet sê wat hy met die Unie voor het, „voorlopig aanvaar". Hy het tewens 'n lang gedeelte van die Duitse verklaring aangehaal, **maar terselfdertyd noukeurig sekere dele daarvan weggelaat.**

Die dele wat hy weggelaat het, is deur Die Transvaler van 4 Julie aangehaal, **en was van so 'n ongunstige aard vir die Party dat genoemde blad moes beduie dat dit nie die Duitse amptelike mening aangaande dr. Malan en die H.N.P. is nie, maar sommer 'n radiopraatjie. Volgens Die Transvaler het Duitsland beweer „dat die Herenigde Party in duie gestort het" en dat die Herenigde Partyleiers „vir hulle eie voordeel of slegs vir die voordeel van die Party" werk.**

Hieruit blyk dus duidelik dat bewerings van politici dat die H.N.P. deur Duitsland beskou sal word as die wettige verteenwoordiger van die Afrikanervolk in geval van vredesonderhandelinge, van alle grond ontbloot is. **As Duitsland van oordeel is dat die H.N.P. in duie gestort het, sal hy hom nie meer beskou as die verteenwoordiger van die volk nie, maar sal hy ongetwyfeld ander Afrikanerleiers wat minder vyandiggesind was teenoor Duitsland, as die verteenwoordigers beskou.**

**As hierby in aanmerking geneem word dat Hitler dieselfde vervolging van partypolitici moes verduur het as die O.B., bestaan daar geen twyfel dat sy simpatie nooit aan die kant van enige politieke party sal lê nie.**


# VOLKSKAS IS U EIE BANK!



*Fondse oorskry £1,800,000*

**Hoofkantoor:**

**Volkskas-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA**

Volkskas (Koöperatief) Bpk.

(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)


## *A.N.S. TEN GUNSTE VAN DIE VOLKSBEWEGING*

Die A.N.S. het van 4 tot 6 Julie 'n uiters geslaagde sametrekking in Pretoria gehad, waar die onderwerp „ons volksbeweging" behandel is. Dr. J. F. J. van Rensburg is herkies as ere-president.

O.a. is die volgende besluit geneem in verband met die onderwerp:

Op grond van 'n deeglike ondersoek in verband met die vorm en inhoud van die wordende Volksbeweging op ons eie landsbodem en in die buiteland, wil die A.N.S. in aansluiting by vorige A.N.S.-Kongresbesluite sy standpunt formuleer.

Die Boerevolksbeweging gryp ver terug in ons volksgeskiedenis en word beliggaam in 'n onverbiddelike historiese kontinuïteit. Met die nasieskeppende volksbeweging, die Groot Trek, wat sy volwasse nasionale gestalte gekry het in die twee Boerestate, t.w. die Paul Kruger- en M. T. Steyn-republieke, het die Boerevolk sy eerste fase van Nasionale Selfverwesenliking bereik.

Hierdie geskiedkundige ontwikkelingslyn is sedert die infame Vrede van Vereeniging verbreek, waarna die Boerevolk hom bedien het van die partypolitieke wapen in 'n wanhopige stryd om parlementêre mag. In 'n imperialistiese institusionele raamwerk moes dit tot Nasionale Frustrasie op verskillende terreine van ons volkslewe lei.

**Hierdie gebroke geskiedenislyn is in die wonderjaar 1938 weer herstel met die Tweede Volksbeweging. Met hierdie nasionale herrysenis gaan die Afrikanervolk die tweede fase van sy Nasionale Selfverwesenliking binne.**

Ons Nasionale Wedergeboorte in 1938 sluit ook aan by die geestelike verjonging wat vandag oor die hele wêreld waargeneem word. In ons land is hierdie wêreldbeweging reeds voorafgegaan deur gelyksoortige staatkundige skeppinge van 'n wordende Boerevolk op eie Afrikaanse bodem. Die verklaring hiervoor is dat terwyl die 19de eeuse Europa ingebou het op liberalistiese inslag, die Boeredom hom toe self reeds al op Calvinistiese grondslag uitgebou het.

Die wordende Volksbeweging moet die verkreë Boerevolkstaat van sy leiers op alle lewensterreine voorsien volgens die gesags- en verantwoordelike leierskapbeginsels. As die beweging wat die geestelike kragkern van ons volk moet omvat, is dit veral sy taak om 'n organiese gesagstaat in die plek van die meganiese innerlikverdeelde regstaat uit te bou.

Die A.N.S. as die organisasie wat die opkomende Boereleiers vorm en keur, is ten volle bewus van die verantwoordelikheid wat op sy skouers rus, en sal sy taak in alle beskeidenheid dog met besliste erns volbring.


105 Takke 40,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £90,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTENE



DIE

Kotzé

**KLEREMAKER EN UITRUSTER VAN KAAPSTAD**

*Is een van die eerste Afrikaner Besighede in ons Moederstad geopen*

*Hy gee bevrediging en verdien ondersteuning.*

**ADDERLEYSTRAAT 134 — KAAPSTAD**

# EIENAARDIGE SOORT BOERDERY: OPSIGTER BEGEER MISOESTE

**Kort gelede het ek die snaaksste soort boerdery gesien wat 'n mens jou kan voorstel. Ek kom op 'n plaas met 'n pragtige groot woonhuis daarop. In die huis woon die huurder van die plaas, en 'n endjie daarvandaan in 'n tent die opsigter. Ek kon dadelik merk dat die verhouding tussen die huurder en die opsigter uiters sleg is. Alles wat die huurder aanpak, keur die opsigter af en net waar hy kan, probeer hy 'n speek in die wiel van die huurder te steek.**

Ek kon dit naderhand nie help om vir die huurder te vra waarom hy die opsigter nie in die pad steek nie; die man is meer 'n oorlas as 'n hulp. ,,Ek kan nie," was die antwoord. ,,Dis nie ek wat hom aangestel het nie, maar die eienaar van wie ek die plaas huur, hy woon net hier oorkant die bult. Die eienaar glo aan sy eie stelsel van boer en hy glo ek sal die plaas beter bewerk as hy iemand aanstel wat my gedurig kritiseer."

Ek het die werk op die plaas toe met groter belangstelling gade geslaan.

,,Kom ons lei die land nat," sê die huurder aan die opsigter, ,,dan kan ons die saad vroegtydig inploeg, en as die eerste reën val, kan dit opskiet."

,,Nee, man," antwoord die opsigter. ,,Jy wil nou die vee laat vrek van dors. As jy die dam leeg lei, hoe dink jy waar gaan die diere water kry?"

Nou kom ons gaan haal mis om solank op die land te gooi," gee die huurder toe aan die beswaar van sy mindere.

Hierdie voorstel was so billik dat selfs die vitterige opsigter geen beswaar daarteen kon maak nie, hoewel ek nie kon insien waarom daar nie water gelei kon word nie. Daar sou tog genoeg oorgebly het vir die vee om te drink.

Ons keer toe die osse uit. Teen elke os het die opsigter beswaar gemaak en telkens gedreig om sy beswaar aan die eienaar te gaan voorlê. Eindelik was daar darem tien ossies voor die wa nadat die opsigter ook eers baie beswaar gemaak het teen die trekgoed wat dan ook nie juis die regte was nie. Ja selfs met die grawe wat moes saam om die mis mee te laai, het hy fout gevind.

,,Hierdie mis is hopeloos te skerp vir die land," het hy geprotesteer toe ons eindelik by die kraal aankom. Die huurder wou eers teëstribbel, maar uit die hoek van sy oog merk hy die eienaar aankom. Laasgenoemde se belangstelling is altyd gaande as daar 'n groterige werk aangepak word. Die huurder wil nie graag in sy onguns verval nie, en gee maar toe aan die eis van die opsigter. Hulle trek die wa 'n endjie verder. Tot my verbasing sit die opsigter geen hand by met die laaiery nie, maar in plaas daarvan gaan staan hy by die eienaar en skinder van die huurder. Beskuldigings en besware rol oor sy lippe, ja selfs teen die manier waarop die huurder sy graaf hanteer het hy opmerkings te maak. En al die tyd staan die eienaar maar aandagtig en luister!

### BRIEK VASGEDRAAI

Toe die huurder die wa eindelik vol gelaai het, maak die opsigter beswaar dat die osse nie die vrag sal kan trek nie. Die osse is veels te klein vir so 'n vraag! En dit was dan juis op sy aandrang dat die groot osse nie ingespan is nie, dag ek by myself.

Onderwyl ons almal die vrag en osse betrag, merk ek uit die hoek van my oog hoe die opsigter die briek aandraai. Die gevolg was dan ook dat die osse bly staan toe die huurder praat, en hy eers 'n deel van die vrag weer moes aflaai. Ek kon sien dat hy baie verleë voel in teenwoordigheid van die eienaar. Eindelik is hy met 'n bietjie mis op die buikplank vort land-toe. Daar het die opsigter weer aan die eienaar beduie dat die huurder die mis eintlik op die verkeerde akker wil aflaai.

Toe kon ek dit nie meer hou nie. Ek stap na die opsigter en vra hom waarom hy dan so afbrekend is in plaas van te help om 'n sukses van die plaas te maak.

,,Kyk, ou vriend," was sy antwoord, ,,as ek nou die huurder was van hierdie plaas en my eie planne kon uitvoer, sou dit 'n lushof van 'n plaas gewees het. Volgens die eienaar se stelsel kan ek die huurder word indien ek hom (die eienaar) oortuig dat ek 'n beter boer is as hierdie man, en die beste manier om hom te oortuig, is om hom te laat sien hoe 'n mislukking hierdie kêrel van die boerdery maak."

,,O, ek sien. Jy bedoel as hy nou as gevolg van jou dwarstrekkery so swak boer dat daar 'n misoes kom, sal die eienaar hom in die pad steek en die plaas aan jou verhuur?"

,,Presies."

,,Maar dink jy nie dis oneerlik van jou om hom verkeerde advies te gee ten einde hom 'n mislukking van die plaas te laat maak nie?"

,,Hoegenaamd nie," was die antwoord. ,,Jy sien, die eienaar se stelsel werk so dat as ek die plaas huur, stel hy die huidige huurder weer aan in my plek as opsigter, en dan bemoeilik hy my optrede weer."

,,Maar dis mos 'n verskriklike slegte manier van boer! Op die manier sal die plaas so agteruit gaan dat jy dit later nie meer sal herken nie!" roep ek uit.

### PRESIES EENDERS

,,Of dit so 'n slegte stelsel is, weet ek nie," antwoord die opsigter, ,,maar wat ek wel weet is dat dit net so werk soos julle politieke stelsel."

,,Dis onwaar," ontken ek, ,,as ons so 'n vrot stelsel gehad het, sou Suid-Afrika al lankal in ellende verkeer het."

,,Kyk hier, ou vriend," weerlê hy my, ,,jou land het 'n eienaar, naamlik die **volk**. Hy het 'n huurder wat hom bestuur, naamlik die regering, en hy het 'n opsigter, naamlik die opposisie wie se werk dit is om die regering te kritiseer. **En net soos ek nou die belofte het om die plaas te bestuur as die huidige huurder 'n mislukking daarvan maak, net so staan julle Opposisie in die geleentheid om te regeer as hy die volk kan oortuig dat die huidige regering 'n mislukking is. Vir daardie doel vind julle Opposisie fout met alles wat die regering doen en probeer hy hom soveel as moontlik in die wiele ry. En net soos die huidige huurder weer opsigter sal word in my plek en my dan weer in die wiele sal ry, net so sal julle regering ná sy val weer die opposisie word en die nuwe regering dan tot magteloosheid dwing."**

,,Maar dit beteken mos dat ons land gedurig agteruit moet gaan, net soos hierdie plaas!" jammer ek dit uit.

,,Ek glo nie die stelsel kan so sleg wees nie as belangrike Afrikanerleiers die stelsel in julle nuwe republiek ook wil hê," gooi hy my dood.

,,Maar ons het darem groot dinge met hierdie stelsel bereik," verdedig ek my leiers.

### BANG

,,Het jy gemerk hoe gou die huurder netnou afgesien het van sy plan om die land nat te lei? Dit was uit vrees vir my kritiek en dat die eienaar dalk my part sou vat. **Hy is so bang om iets te doen dat hy liewer naderhand niks doen nie. Dit is in my voordeel, want daardeur maak hy 'n mislukking van die plaas en ek kry dan die kans. Net so was elke partyregering in die land nog altyd te bang om iets groots aan te pak, te bang vir die opposisie se kritiek wat altyd fout sal vind, en te bang vir die afrekening van die volk. Daarom is julle armblankevraagstuk nog nie opgelos nie en daarom is julle naturellevraagstuk ook nog nie opgelos nie en daarom het julle ook nog nie 'n republiek nie."**

,,Dan wil jy sê ons sal nooit 'n republiek met hierdie stelsel verkry nie?" roep ek verslae uit.

,,Julle kan probeer, maar daarmee het ek vrede. Ek is doodgelukkig met die vooruitsig dat ek aanstaande jaar baas van hierdie plaas sal wees en dan in daardie pragtige huis sal woon."

,,Maar jy sal mos ook niks kan uitrig nie," hoon ek hom.

,,Daarvan is ek bewus, maar sodra die plaas in die **uiterste verwaarlosing** verval het, sal die eienaar se oë miskien oopgaan vir sy vrot stelsel, en dan hoop ek maar net dis my beurt om te bestuur!"

## Predikant Geinterneer

**Ds. D. C. S. van der Merwe van Petrusburg, hoofkommandant van die Ossewabrandwag, is verlede week deur die Smutsbewind geïnterneer. Die internering het gevolg op 'n paar protesvergaderings wat deur ds. Van der Merwe gehou is teen die doodvonnis op Visser en Van Blerk, maar wat ook van H.N.P.-kant sterk teenkanting ontvang het. Besonderhede dienaangaande sal in ons volgende uitgawe verskyn.**


# TE KOOP

*Opreg en Suiwergeteelde*

WANGANELLA-SKAAP RAMME

FRIESLAND-BULLETJIES

en

GLADDEHAAR BOERBOK-RAMME

*Pryse Billik!!*

Tevredenheid Gewaarborg.

Besonderhede van:

T. B. JORDAAN

P.S. Buffelsfontein, SOMERSET-OOS.

# STELLENBOSCH

Ons eerste uitbreiding na die platteland vertrou ons aan u sorg toe.
Om nou so 'n onderneming te pak, vereis moed, maar ons het baie daarvan.

ONDERSTEUN ONS —

— *ONDERSTEUN 'N AFRIKANERSAAK*

(HOU ADVERTENSIES DOP VIR OPENINGSDATUM)
SO NA AS MOONTLIK 1 SEPTEMBER 1942

*DIE VOORTREKKER-APTEEK*

DE BEER BROERS — EIENAARS

KAAPSTAD en BLOEMFONTEIN

G. A. FICHARDT, BPK.

MASJINERIE, YSTERWARE EN PRODUKTE HANDELAARS

Foon 700 BLOEMFONTEIN Opgerig 1848

DIE O.B., WOENSDAG, 5 AUG. 1942.

# Die Volksblad Geantwoord

In 'n hoofartikel van bykans twee kolomme doen Die Volksblad van 20 Julie 'n bitsige aanval op Die O.B. wat ons so amusant vind dat ons dit betreur dat ons nie ruimte het om die hele artikel oor te neem nie. Die blad poog om hom te verweer teen die volgende beskuldiging in ons uitgawe van 1 Julie: ,,Die Volksblad het 'n advertensie vir die vergadering (van die K.G.) geweier, terwyl daar talle advertensies ten behoewe van die oorlogsfonds en Joodse besighede daeliks in hom verskyn."

Hierop antwoord Die Volksblad nou: ,,Die eerste gedeelte van hierdie sinnetjie is waar, die middelste is onwaar en die laaste is belaglik."

Met betrekking tot die laaste beweer hy dat hulle die Jode geen guns bewys om hul advertensies te plaas nie, dis 'n gewone besigheidstransaksie! ,,Hulle het iets nodig wat ons kan gee, nl. publisiteit, en ons verkoop ruimte aan hulle net soos aan enige ander besighede en net soos ons nuus verkoop aan ons intekenare. Geen koerant doen navraag of sy klante, hetsy adverteerders of intekenare, Jode of Samaritane of Christene is nie. **Ons het nog nooit in 'n boikot geglo nie, hetsy op grond van ras, geloof of politiek."** Aldus die blad.

Die Volksblad neem dus advertensies van Jode omdat hy nie glo in 'n boikot op grond van **ras, geloof** of **politiek** nie. Maar hy weier Afrikaners se advertensies op grond waarvan? Hy gee self die antwoord: ,,Daar is wel advertensies wat ook 'n handelsonderneming soos 'n koerant van die hand kan wys, omdat dit dan nie meer 'n gewone kwessie van **besigheid** is nie, maar 'n **beleidsaak.** Op hierdie grond het ons die O.B.-advertensie geweier, **omdat die O.B.-veldtog teen die staatkundige organisasie van die nasionale Afrikanerdom tot nadeel van ons volksbelange strek."**

Raai? **Is ekonomiese uitbuiting deur 'n Joodse geldmag dan nie ook tot nadeel van ons volksbelange nie?** Of kan praktyke wat tot nadeel van ons volksbelange strek maar voortgaan **solank dit maar net nie ,,teen die staatkundige organisasie van die nasionale Afrikanerdom (alias H.N.P.)" gemik is nie?** Ons het nooit kon glo Die Volksblad sou so ruiterlik erken dat hy meer besorgd is oor sy partybelange as oor die belange van die volk nie.

**Beleid.**

Maar die blad beweer dat hy nooit boikot op grond van politiek nie. **Is 'n ,,veldtog teen die staatkundige organisasie" (of H.N.P.) dan nie 'n politieke saak nie?** En het dr. Malan dan nie oorlog aan die O.B. verklaar omdat hy dan glo ,,'n politieke party" sou geword het nie? Nee, Die Volksblad sê dis 'n saak van beleid, nie van politiek nie! Geredelik gee ons toe dat daar in die partypolitiek dikwels groot verskil bestaan tussen 'n party se beleid en sy politiek, maar dis nog geen sedelike grond vir normale mense nie.

Indien daar egter wel 'n verskil bestaan tussen beleid en politiek, sal ons die vraag wil stel **of die oorlog 'n saak van beleid of van politiek is?** D.w.s. is Die Volksblad gekant teen die oorlog omdat hy glo dat dit teen die belange van die volk is (beleid) of is hy daarteen gekant omdat dit veldm. Smuts is wat die oorlog verklaar het en nie dr. Malan nie (politiek)? **Indien dit vir hom 'n beleidsaak is, mag hy mos — net soos in geval van die O.B. — nie ruimte verkoop wat die oorlogspoging bevorder nie, soos by voorbeeld die publikasie wat hy aan Smuts se oorlogsirkus verleen het?** Dan moet dit mos ook teen sy beleid wees om 'n advertensie soos die volgende te plaas (Die Volksblad 16 Mei 1942):

,,Die Kamer van Koophandel beveel aan dat besigheidsfirmas werknemers moet toelaat om **kolonel Hartshorn te hoor** en die Boston-bomwerper te besigtig by Vliegskool 62 op Maandag 18 deser om 3 nm. . . . "

Of het Die Volksblad hierdie advertensie geplaas met die oog op die opvoedkundige waarde wat geleë is in kol. Hartshorn se werwingtoesprake en die besigtiging van 'n Boston-bomwerper?

Verder: is Die Volksblad gekant teen die kommunisme omdat dit teen die belange van ons volk is (beleid) of wel omdat dit ander mense as die H.N.P. is wat daarvoor propaganda maak (politiek)? **Indien dit 'n beleidsaak is, dan behoort hy mos nie die volgende advertensie te plaas nie (Die Volksblad 1 Mei 1942): ,,Mediese hulp vir Rusland (Bloemfonteinse Komitee) Vanaand in die Komiteekamer van die eggenote van die Burgemeester, Stadhuis, adv. Frans Boshoff sal 'n toespraak oor ,Die Huidige Oorlogstadium' lewer."** Hierdie toespraak was kommunistiese propaganda klaar en rein, soos blyk uit die verslag van Die Volksblad van 5 Mei wat op bladsy vyf verskyn (nog 'n stuk ruimte verkoop aan andersdenkendes!).

**Die Ossewabrandwag is nòg oorlogsgesind nòg kommunistiesgesind, maar republikeinsgesind, dog sy advertensies word om ,,beleidsoorwegings" geweier!**

**Die Leuen.**

Die Volksblad beweer dat ons ,,'n direkte leuen" vertel as ons sê dat daar advertensies ten behoewe van die oorlogsfonds verskyn, en hy doen die volgende plegtige verklaring: **,,Nog nooit, solank die oorlog duur, het EEN ENKELE advertensie van daardie fonds in ons kolomme verskyn nie."**

Ons verwys Die Volksblad na sy uitgawe van 29 April, daar sal hy lees:

,,Babatentoonstelling en Skoonheidswedstryd in verband met die Ramblers-Kavalkades ten bate van die **Goewerneur-generaal se Fonds** e.k. Saterdag. . . ."

So ook op 22 April: ,,Populêre militêre aand **ten bate van die Goewerneur-generaal se Nasionale Oorlogsfondse"** (in die Plaza-bioskoop).

Ons kan nog meer voorbeelde noem, maar volstaan hiermee.

Die opskrif van die hoofartikel waarin ons aangeval word, lui: ,,Verdraaiing en Leuen". Die Volksblad verwyt ons dat hy ons al tevore op ,,verdraaiings" betrap het, maar dat ons nog nooit die ordentlikheid gehad het om verskoning te vra nie. Sal die blad ons hierna nog kwalik neem as ons geen notisie neem van sy teregwysings nie?

Ons sal nie op 'n verskoning aandring vir die blad se growwe beskuldiging nie, maar ons wil net aan die hand doen dat hy hom die vernedering kon bespaar het om 'n pleidooi vir Jode te lewer indien hy gelet het op ons beswaar. **Ons beswaar was nie dat hy Joodse advertensies opneem nie (dit is 'n saak vir sy eie gewete), maar ons beswaar is dat hy wel ,,ruimte verkoop" aan Jode, terwyl hy weier om dieselfde ruimte aan mede-Afrikaners te verkoop en dit net omdat daardie mede-Afrikaners POLITIEK van hom verskil, hoewel die Jode POLITIEK, sowel as RAS en GELOOF van hom verskil.**

## *BETEKENIS VAN 8 AUGUSTUS*

**Daar is 'n element in die viering van 8 Augustus wat nie verlore mag raak nie. Die inspanning van die kommando's om geld in te samel vir ons fonds verdien die hoogste waardering en lof, en dit is 'n aspek van die dag wat van die grootste betekenis is. Dog dit is nie die hoofgedagte van die viering nie.**

**Dit moet 'n dag van herdenking en van besieling wees net soos 8 Augustus 1938 dit was. Op daardie dag is gebore die herontwaking van die Afrikanerdom. Op daardie dag het ons volk bewus geword van sy eenheid van bloed, gees en ideaal, en uit daardie bewuswording het die Ossewabrandwag ontstaan as draer van die Afrikanerdom se nuwe toekoms.**

**Dit moet 'n dankdag wees, 'n offerdag vir die belofte van vryheid en redding wat in 1938 aan ons volk deur Hoër Hand gegee is.**

**Uit daardie dag moet weer besieling straal vir die vryheidstaak, en diensbaar aan daardie besieling moet die geldelike offers gestel word.**

# Grondslag Gelê Van Ons Nuwe Toekoms

Met die herdenking van die Ossewabrandwag se ontstaan aan die einde van hierdie week, het ons nie alleen die vierde jaar van ons volksontwaking belewe nie, maar as beweging kon ons 'n nuwe mylpaal aankondig. Op bladsy een van hierdie uitgawe verskyn 'n verklaring van prof. L. J. du Plessis in verband met die uitbouing van die Grootraad, wat ongetwyfeld een van die belangrikste aankondigings in die loopbaan van die Ossewabrandwag is. Dit is tegelyk die verwesenliking van 'n ideaal van tienduisende Afrikaners en die begin van 'n nuwe toekoms.

In die afgelope jare met sy vrugtelose partypolitieke gewoel is die behoefte aan 'n allesomvattende volksbeweging deur talle denkende Afrikaners gevoel. 'n Beweging wat regaf, sonder vrees vir eleksiepropaganda kon afstuur op die verwesenliking van ons republikeinse strewe, het die ideaal van duisende geword. Die leiers van die volksorganisasies het in die stigting van die Afrikanereenheidskomitee in Junie verlede jaar so 'n omvattende organisasie gesien wat die kragte van die Afrikanerdom op alle terreine sou saamsnoer in 'n magtige poging tot vrywording. Daardie poging het danksy die partypolitiek misluk, en die eenheid is verbreek.

Die Ossewabrandwag, sowel as ander voorstanders van eenheid het toe besef dat daar maar self in die bresse gespring sal moet word om te red wat nog te red is. Op die Offisierelaertrek in Oktober verlede jaar is dan ook besluit dat die Ossewabrandwag homself moet uitbou tot daardie kragtige volksverteenwoordigende eenheidsbeweging. 'n Groot deel van die volk was egter geskok weens die hewige veldtog teen die Ossewabrandwag van partypolitieke kant. **Die Ossewabrandwag het die aanval egter oorleef en die afgelope jaar het die holheid van al die kwaadwillige beskuldigings aan die lig gebring. Die feit dat daar nou tot die uitbouing van die Ossewabrandwag oorgegaan kon word, is dan ook 'n bewys dat die denkende deel van die Afrikanerdom sy vertroue in die Ossewabrandwag as volksbeweging herwin het.**

Tans het ons die samewerking van groot kragte in ons beweging saamgesnoer en kan daar nou deur die Ossewabrandwag meer opbouend te werk gegaan word as totnogtoe die geval was toe hy in selfverdediging sy bestaan moes regverdig.

Met die nuwe kragte wat hulle veral besig sal hou met die groot vraagstukke van die toekoms en die oorskakeling van die oue tot die nuwe, het ons dan ook nou binne die Ossewabrandwag die grondslag gelê van die Afrikanervolk se nuwe toekoms. Uit hierdie allesomvattende volksbeweging sal nou groei die eenheidstaat van die Boerevolk. Die ideaal wat die middelpunt gevorm het van 'n anderhalf eeu se worstelstryd is tans besig om vorm aan te neem.

## *Grootraad Omvattend Uitgebou*

*Vervolg van bls. 1.*

Afrikaners.

Ten slotte is dit van belang om daarop te wys dat as 'n voorbeeld van organisasie-metode, wat in sekere sin volksverteenwoordigend is sonder dat dit ly aan die euwels van die liberale demokrasie, verwys is na die wyse waarop kerkrade in ons Afrikaanse kerke saamgestel word, **terwyl een van die studielaers wat voormanne uit drie kerke sal insluit, tot taak het om te adviseer oor die verhouding tussen die kerk en die volksbeweging en die volkstaat.**

Die vraag is ook geopper of die O.B. in sy stryd teen die Britse oorheersing en die liberale parlementarisme met die daaraan verbonde party-stelsel nog wel steun kan gee aan parlementêre verkiesinge onder die Britse stelsel en of hy nie veeleer hom behoort te onttrek aan die hele party-stryd en die parlementêre aksie. Dis egter gevoel dat dit voorbarig sou wees om op hierdie stadium daaroor 'n beslissing te vel.

L. J. DU PLESSIS.

# Geweldige Geesdrif op Vergaderings Van Kommandant-Generaal

## Aanstootlike Optrede van dr. Boltman Laat Party-Ampsdraers die O.B. Kies

**Die toer van die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, deur die Oostelike Provinsie van 20 tot 25 Julie, was 'n skitterende sukses en het gepaard gegaan met die grootste geesdrif. Op alle plekke was die ontvangs uiters goed, en oral was daar stampvol sale.**

Op sommige plekke is van party-kant 'n boikot teen die vergaderings georganiseer, terwyl op ander plekke pogings aangewend is om die vergaderings te beïnvloed. **So het dr. Boltman, wat geriefshalwe op Burgersdorp weggebly het, na die vergadering op Cradock gekom met 'n gevolg om 'n reeks vrae te stel. Die geleentheid daarvoor is hom toegestaan, maar die uitslag was dat etlike van sy ondersteuners van sienswyse verander het.** Sy vrae is op so 'n afdoende wyse deur die Kommandant-generaal beantwoord dat dr. Boltman later liewer die hasepad gekies het. As gevolg van sy aanstootlike optrede het die gehoor naderhand hande uitgeruk. Die Kommandant-generaal het hulle egter skerp aangespreek en daarop gewys dat dit geen partyvergadering is nie, maar 'n gedissiplineerde byeenkoms van die Ossewabrandwag. Daarop het hy hom tot dr. Boltman gewend met die woorde: ,,weë hom deur wie die struikeling kom." Die orde was herstel, **waarop mnr. P. J. O. de Wet van Ebenhaezer, groepleier en sekretaris van die sterkste Party-tak in Hofmeyr, opgestaan en verklaar het dat hy tot vanaand 'n sterk partyman was, maar uit protes teen dr. Boltman se optrede as staande teenoor dié van die Kommandant-generaal, hy daar en dan bedank nie alleen as ampsdraer van die Party nie, maar ook as lid.**

**Ná hom het mnr. P. L. du Plessis van Alwynsfontein, wyksleier van die Party in Hofmeyr, opgestaan en te kenne gegee dat hy ook klaar is met die partypolitiek.**

Verskeie persone het op verskillende plekke hul voorneme te kenne gegee om voortaan by die Ossewabrandwag te staan.

Dr. Van Rensburg het baie reguit gepraat en sy houding teenoor die Stormjaers vir wie hy in die bresse getree het, het skril afgesteek by dié van dr. Malan wat hulle beskryf as ,,nie sy mense nie."

,,Daar word verklaar dat dit arme misleide manne is," het dr. Van Rensburg verklaar, **,,maar die 52 Stormjaers wat tans op aanklag van hoogverraad verskyn, het een vir een my die saluut gegee toe hulle uit die donker sel na die hof gebring is. Ek het die saluut van elkeen beantwoord, en ek erken ruiterlik dat, hoewel ek baie militêre salute geneem het, ek die trotste was op die saluut wat hierdie jongmanne my in die hof gegee het."**

Op Adelaide het mnr. en mev. J. W. Lombard van Krigeskraal, Sheldon, twee oorblywende osse wat die Eeufeeswaentjie in 1938 van Bedford na Adelaide getrek het, aan die Ossewabrandwag met die oog op 8 Augustus geskenk.

Ook mev. genl. J. S. du Toit, wat 'n deel van die reis meegemaak en verder afsonderlike vergaderings toegespreek het, het groot geesdrif teengekom, en oral het mense wat tot sover nog getwyfel het, kom betuig dat hulle hul nou by die volksbeweging skaar.


As in aanmerking geneem word dat dit die koudste week in jare was, en mense by hul honderde die vergaderings bygewoon het, kan dit slegs getuig van die nuwe ontwaking wat daar onder die volk posgevat het nou dat al die onware aantygings van die partypolitici in hul huilende gedaante ontmasker word.

## MEEGEVOEL MET HOLLANDERS


Die meegevoel van elke O.B.-lid sal ongetwyfeld uitgaan tot die Hollanders en hul gesinne wat, volgens persberigte, verlede week deur ons Regering aan die Nederlandse spookregering in Londen uitgelewer is ten einde hulle te dwing om militêre diens êrens in die wye wêreld te gaan doen. Hierdie manne het geweier om by die leër aan te sluit waarskynlik omdat hulle dieselfde standpunt huldig as die Afrikanervolk. Baie van hulle was dan ook reeds jare in die Unie woonagtig en enkeldes is selfs kinders van manne wat die Tweede Vryheidsoorlog meegemaak het.

Die Nederlandse gesant, jonkheer van Lennep, het totsover volstrek geweier om aan die vroue se eis om toelae te voldoen. As verteenwoordiger van die Nederlandse spookregering het hy blykbaar mag om Hollanders op te roep om 'n vaderland te beskerm wat hulle nie meer wil erken nie, maar aan die anderkant het hy die voorreg om nie verantwoordelik te wees vir die versorging en beskerming van dieselfde onderdane nie. Voorwaar 'n houding wat 'n mens laat dink aan die donkere tirannie van die Middeleeue, veral as in aanmerking geneem word dat die familie nie eens 'n afskeid van hul manne, vaders en broers vergun is nie!

## Hulle Was Ter Dood Veroordeel



*Julian Dawid Visser*



*Hendrik Stefanus van Blerk*

Visser en Van Blerk wie se doodvonnis deur die Goewerneur-generaal-in-Rade verander is tot lewenslange gevangenisstraf.


## Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

***MEER AS 200 KURSUSSE***

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente** het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook *U* kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in..............................

Naam:..............................

Adres..............................

(O.B. 5 Aug. 1942) ..............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**

**KORRESPONDENSIE KOLLEGE**

**Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,**

**JOHANNESBURG.**

**Posbus 3512. Foon 22-3512.**

**MARKAGENTSKAP**

**Vroeë Môre-Mark**

**KAAPSTAD**

***Betaling geskied onmiddellik weekliks, maandeliks of soos verlang.***

**Beste Heersende Pryse.**

***MINNAAR & VAN SCHOOR***

**Eienaars: Gustav Retief.**

**Telefoon 2-0213.**

***ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS***

## DUITSLAND GEPYPKAN!

„In Suid-Afrika is daar leiers, meer bepaald leiers van die Ossewabrandwag . . . wat redeneer dat Duitsland baas van Suid-Afrika sal word en vir ons dikteer wat ons staatsvorm sal wees . . .”

Hierdie valse voorstelling van die Ossewabrandwag se standpunt deur dr. Malan voorverlede Saterdag op Eppingtuindorp sou so onverstaanbaar gewees het as wat dit hom onwaardig is, was dit nie dat 'n mens met 'n bietjie insig in die partypolitieke wanmetodes die motief daarvoor maklik kan ontdek nie.

Dr. Malan doen hierdie bewering as inleiding tot sy behandeling van die Duitse antwoord op sy eis—**'n antwoord wat dr. Malan se lyfblad van die Transvaal so ongunstig vir dr. Malan gevind het dat hy eintlik die Regering verwyt het omdat hy die „Afrikaners” wat verantwoordelik is vir die uitsendings na Duitsland nog nie „gepak” het nie!**

In daardie Duitse antwoord is o.a. die verwyt gedoen dat daar van sekere kant verklaar is dat Duitsland die Unie graag sal wil annekseer. **Dit is 'n bekende feit dat Duitsland dr. Malan voorheen reeds erg kwalik geneem het omdat hy in die Parlement so 'n moontlikheid in die vooruitsig gestel het.**

Maar omdat daar geen name in die Duitse „antwoord” genoem is nie, **probeer dr. Malan nou daardie Duitse verwyt op die skouers van die Ossewabrandwag skuif, sodat die volk moet dink dat die Duitse aanval op die politici wat eie-belang en partyvoordeel bo volkseenheid stel, eintlik van toepassing was nie op die H.N.P., wat volgens Duitsland in duie gestort het nie, maar op die Ossewabrandwag!**

Indien dit nie die motief agter dr. Malan se bewering is nie, kan ons dit slegs aan salige onkunde toeskryf sowel wat betref die houding van Duitsland as die beleid van die Ossewabrandwag. En in daardie geval sal ons dr.

*Vervolg in kol. 2.*

## Borsbeeld geskenk vir 8 Augustus

Die jong kunstenaar, Petrus van Emmenis, van Kaapstad, het 'n pragtige borsbeeld van president Kruger, asook 'n skildery van Majuba met die oog op 8 Aug. geskenk. Die borsbeeld sal in Kaapstad uitgeloof word by wyse van 'n raaikompetisie, waarna dit opgeveil sal word en die helfte van die prys na die winner gaan.

## POLITIEKE MUNT IN DIE SKADU VAN DIE GALG

In antwoord op die beskuldiging van 'n naamlose briefskrywer in Die Transvaler dat hy in die saak van Visser en Van Blerk in Engels opgetree het in die hof, verklaar genl. J. D. Jerling dat dit onwaar is dat sy hoftaal Engels was. „Die stukke van die hof sal bewys dat ek van die begin af in Afrikaans opgetree het, en dat die dokumente deur my ingelewer, in Afrikaans opgestel is,” skryf hy.

**„Wat by my egter swaarder geweeg het as by Die Transvaler, was die belange van die twee jong Afrikaners wat nou in die skadu van die dood staan, en nie die politieke munt wat uit hul toestand geslaan kan word nie.** Die openbare aanklaer, adv. Dickinson, het 'n baie regverdige houding ingeneem, maar hy is glad nie so goed in Afrikaans as in Engels nie. In belang van my kliënte het ek toe sekere van die regsargumente in Engels waargeneem. Dit het ook soms gebeur dat ek Afrikaans gebruik het, en dit in Engels moes herhaal ten einde misverstand te voorkom. Verder was die groot massa van die getuienis van die Kroon in Engels, en dit was die getuienis waarop ek my hoofsaaklik moes toespits. Ek was verplig om die Kroongetuies in Engels te kruisverhoor tensy ek van 'n tolk gebruik wou maak, en dan sou groot voordele van my kruisverhoor verlore gegaan het, en sou ek beslis nie in belang van my kliënte gehandel het nie.”

*Vervolg van kol. 1.*

Malan die woorde toevoeg wat 'n Ierse fabrieksbaas eenmaal aan een van sy werkers toegevoeg het toe hy hom aan die slaap by sy masjien gevind het: „Slaap maar voort, slaap maar voort, jy is nog in diens solank as wat jy slaap!”

Ons ag dit onnodig om op die aantygings te antwoord. Dr. Malan en niemand anders sal selfs eens uit die Ossewabrandwag se beleidsverklarings kan **aflei** dat hy die geloof koester dat Duitsland nie ons vryheid sal gee nie. Ons het nog altyd so versekerd gevoel oor die Duitse opregtheid dat ons dit nie alleen as oorbodig nie, maar ook as beledigend vir Duitsland geag het om hom te **vra** wat sy houding ten opsigte van Suid-Afrika is.

Ons weet egter dat die **hoofsekretaris van die H.N. Party** op Vryburg in heldere taal gesê het dat hy bedank vir 'n republiek wat Duitsland ons sal gee, **omdat hy sal lyk soos Duitsland hom wil hê!** M.a.w. dat Duitsland sal dikteer wat ons staatsvorm moet wees!

Dr. Malan mag hoop om die vólk te bluf, maar die geskiedenis sal hy nie kan bluf nie, en ons vrees, nog minder vir Duitsland.





'N VOORBRAND PRODUK
TANS IN VIER
VERPAKKINGS:
GEEL — — — lig
BLOU — — middel
ROOI — — — populêr
GROEN — donkerpyp
Voorbrand Tabakmaatskappy (Edms.) Bpk.
Kommissarisstraat 200
JOHANNESBURG

MOENIE OOR
DAMESJASTE
OF
HOEDE
PRAAT NIE
KOOP *DIT LIEWER VAN-UIT 'N PRAGTIGE VERSKEIDENHEID, NOU NET WEER ONTVANG, BY*
Steyns
Voortrekkerweg PAROW

SASBANK
Verrig Volksdiens!
Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.
*Terme uiters billik.*
*Raadpleeg* SASBANK
PAARL:— Posbus 266.
WORCESTER:— Posbus 57.
KAAPSTAD:— Posbus 2387.

KTK
Die Afrikaner se Koffiehuis
Foon 3-0520 Wandelgang
Groote Kerkgebou KAAPSTAD
Smaaklike Braaigeregte Saans.
Onthaal u vriende in die Koffiehuis.
RESEPSIES EN ONTVANGSTE.

*HET U DIT?*
*SO NIE BESTEL DADELIK*
Kommando-Vlag £1-15-0
O.B.-Vaandel £1-15-0
met wapen in kleure.
O.B.-Skryfblok 2/6
Blou met bypassende koeverte.
Brosjure 1/3
met lewensbeskrywing van die Komdt.-Genl. en drie toesprake.
Rangbande 1/3
Fietsvlae 1/6
O.B.-HOOFKWARTIER,
Kamer 916, Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.
DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.
V.M.K. Klubbediening Sluit die Volgende in:
Gratis sleepdiens.
Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies.
V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag.
Snelle afleweringsdiens.
Padverslae, Pad- en roetekaarte.
'n Unieke motorkenteken.
Volle Besonderhede van:—
DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

## DIE BESTE DISSIPLINE GEBORE UIT RESPEK

(DEUR S. J. L. DU T.)

As ons 'n bietjie dieper nadink oor bostaande woorde, word dit vandag vir ons al hoe meer duidelik waarom die hele stryd teen die O.B. gaan.

Dit is 'n stryd, 'n uiterste poging, **om die dissipline van die O.B. te ondermyn.** Om hierdie doel die beste te bereik, moet die leiding van die O.B. in minagting by sy volgelinge gebring word. Om een voorbeeld aan te haal, kan ons maar net aan die skandalige biertafel-episode herinner. Lg. metode om die respek vir die O.B.-leiding te ondermyn, sal seker nie maklik gou weer geëwenaar word nie. Gedurende die afgelope tyd het daar weer die beskuldiging van ,,bevele om sabotasie te pleeg" die lig gesien. Vir alles wat in die land verkeerd gaan, is die O.B. skuldig voorgehou. Eers was dit die Smuts-bewind wat met hierdie beskuldigings en uit die luggegrypte sabotasie-pogings die O.B. in onguns by die volk wou probeer bring. Ons dink maar aan die Durban-episode. **En as so 'n kastige sabotasie-poging ontdek is, is dit altyd weer met internerings gevolg.** Net 'n stok om die hond mee te slaan; net 'n ekskuus vir nog meer internerings.

Vandag egter kom die beskuldigings en aanklagte as sou die O.B.-leiding verantwoordelik wees vir die draadknippery en bomontploffings in die land, ook vanuit eie Afrikaner-geledere. **Sal hierdie beskuldigings nie weer opgevolg word deur meer internerings nie? Sal hierdie beskuldigings nie as oorsaak hê dat daar in meer as een Boerehuisgesin 'n hoof weggeneem word nie?**

Nogmaals wil ons daarop wys, dat die doel van die vernietigers van die O.B. gebruik maak van alle strooihalms en agteraf-metodes om die agting vir ons leiers te ondermyn.

Besef hierdie persone van eie-belang dan nie dat die volk se oë binne die geledere van die O.B. oopgegaan het nie; dat die Ossewabrandwag-lede weet wat die doel is van hierdie ondermyners nie? Besef hulle nie dat hulle die respek vir die O.B.-leiding des te meer stimuleer nie? Dat hulle die dissipline van die O.B. des te meer staal nie?

Besef hierdie lasteraars nie dat die volk vir hulle alle respek verloor het nie? **Dat hulle besig is om hul eie dissipline te ondermyn, en also hul eie en uiteindelike ondergang des te vinniger bewerkstellig nie?**

**Maar meer nog, besef hulle nie dat dit nie die O.B. se dissipline is wat hulle ondermyn nie, maar die AFRIKANERVOLK s'n?**

Dr. Hans van Rensburg het in sy optrede met die beskerming van die Voortrekker-Pers-gebou virgoed die seël op die hoogste respek en dissipline van die O.B.-leiding gesit!

## ADV. STRYDOM BEVORDER JUKSKEI-SPORT

Uit Waterberg deel mnr. H. L. Neethling mee dat die O.B. die kiesafdeling van mnr. J. G. Strydom so ingeneem het dat die ,,Nasionale Leier" deesdae huisbesoek moet doen om steun te werf. Op sy verbete veldtog teen die O.B. reageer hulle egter heel gemoedelik. Hulle ignoreer dit net. Ten voorbeeld dien 'n vergadering wat hy onlangs op die plaas Klipplaat van mnr. Fanie du Plessis toegespreek het. Die O.B.-kommandant, mnr. Manie Loubser, en 'n aantal lede het die vergadering bygewoon. Voordat mnr. Strydom begin praat het, het mnr. Loubser opgestaan en gevra: ,,Mnr. Strydom, bepaal u tog nou by die gemeenskaplike teenstander en laat staan vir ons, soos ons u met rus laat." Toe mnr. Strydom daarop met sy gebruiklike O.B.-tema begin, het mnr. Loubser weer opgestaan en net gesê: ,,Kêrels kom ons gaan speel jukskei." Vir die origie het mnr. Strydom 'n klompie mense in die huis toegespreek onderwyl die res buite jukskei gespeel het asof daar niks anders was om in belang te stel nie.

SPOORBONDKAS BEPERK sê
VOORKOM TELEURSTELLING
Slegs 'n geringe aantal
„B"-AANDELE
5% kumulatiewe voorkeuraandele
teen £1 elk nog verkrygbaar. Dit is u laaste kans.
*Stuur navraagvorm onmiddellik.*
*Navraagvorm.*
Die Sekretaris, Spoorbondkas, Beperk,
Bus 8289, Johannesburg.
Waarde Heer,
Stuur my a.u.b. per kerende pos 'n aansoekvorm om aandele.
Die uwe,
Volle naam ..............................
..............................
Adres ..............................
..............................

DE KOCK se GARAGES
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors
TOT U DIENS!
V.M.K. AANBEVEEL.

Foon 62 Posbus 53
HEILBRON
OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat
BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.
DIE MODERNEWINKEL

La Belle Alliance
Privaat Hotel.
DIE AFRIKANER SE TUISTE
alle moderne geriewe
Billike Terme
Eienares: Mev. P. J. RETIEF,
Foon 2-8883
Ons Ontmoet alle Treine.
Kloofstraat, Kaapstad.

Ons Posbestelling-Afdeling
Beweeg daeliks.
Om uself te oortuig
Bestel van ons.
K.M.B.
Silva Mans- en Seunsuitrusters
Fluweel Rybroeke £4-15/-
Bestel vroegtydig
Voorrade Beperk
Stuur u mate
Pretoria Kommando's
Bring ons 'n besoek en ondersteun 'n goeie Afrikaanse saak
TOT U DIENS!
SILVA (Edms.) Bpk.
ORION-GEBOU
Voortrekker-Weg 386 A
CAPITAL PARK
PRETORIA

S. J. KRYNAUW
Algemene Handelaar en Produkte Koper.
Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke
Mans en Dames Skoene
Kruideniersware teen die billikste pryse
Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer
H/v. NUWE- en GARCIASTRAAT,
Foon 68 — Posbus 54
BEAUFORT-WES

O.B. Almanak vir 1942
'n Pragstuk met afdruk van 'n skildery deur Coetzer op omslag, wat die O.B. in sy wese en strewe simboliseer. Belangrike datums uit ons geskiedenis sowel as die geboortedae van ons helde word aangedui.
Hierdie almanak is die eerste van 'n reeks en is hoofsaaklik aan ons volksgeskiedenis gewy. Dit sal dien as positiewe propaganda vir die doel en strewe van die Beweging, asook 'n leidraad vir aktiwiteite wat gedurende die jaar deur die organisasie, en veral deur die vroue Kommando's waargeneem kan word.
Geen O.B. lid behoort daarsonder te wees.
PRYS 9d. POSVRY
6/- PER DOSYN
O.B. MUSIEKBUNDELS
2/6 elk, 3/6 insluitend 'n portret van die Kommandant-generaal.
Bestel van
O.B.-HOOFKWARTIER,
Voortrekkergebou 403,
JOHANNESBURG, TVL.

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG.
KOOP NOU!
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
Werda Meubelhandelaars
Edms. Beperk.
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6806.

## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 3,892 | 8 | 0 |
| Lys No. 303 Middelburg | 28 | 5 | 9 |
| George Manne-Kommando | 9 | 11 | 0 |
| Vriend Oudtshoorn | 1 | 0 | 0 |
| Mnr. en mev. J. F. de Villiers, Matjesfontein | | 4 | 6 |
| Korple G. Odendaal, Tylden | 1 | 0 | 0 |
| Vriend, Cathcart | | 10 | 0 |
| Offergeld, Boer, Kaapstad | 3 | 10 | 0 |
| Vroue-Kommando Bonnievale | 4 | 12 | 0 |
| Penkop Danie Brink, Sutherland | | 2 | 6 |
| Lyste 542 en 458 Woltemade Vroue-Kommando | 2 | 12 | 6 |
| Lyste 577, 552, en 574 Manne-Kommando Worcester | 10 | 5 | 6 |
| Baba se verjaarsdag geskenk, Prins Albert | | 15 | 6 |
| Vroue No. 1 Kommando Malmesbury | 11 | 10 | 0 |
| Hottentots Holland Vroue-Kommando | | 19 | 0 |
| Manne-Kommando Moorreesburg | 5 | 16 | 0 |
| Lys 582 Manne-Kommando Porterville | 3 | 10 | 0 |
| | £3,976 | 12 | 3 |

TRANSVAAL tot 18 JULIE.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 6,553 | 11 | 6 |
| Kwitansie No. 343 Kommando 2C | 50 | 19 | 3 |
| ,, ,, 344 Bydrae | | 10 | 0 |
| ,, ,, 345 Kommando 2A4 | 2 | 12 | 0 |
| ,, ,, 346 Kommando 2A4 | 1 | 6 | 5 |
| ,, ,, 347 Kommando 7A2 | 19 | 5 | 9 |
| ,, ,, 348 Kommando 7A2 | 28 | 6 | 11 |
| ,, ,, 349 Kommando 7A2 | 20 | 6 | 6 |
| ,, ,, 350 Kommando 9C1 | 3 | 0 | 0 |
| ,, ,, 351 Bydrae | | 1 | 0 |
| ,, ,, 352 Kommando 2A6 | | 2 | 0 |
| ,, ,, 353 Kommando 4A | | 4 | 0 |
| ,, ,, 354 Kommando 1B3 | 5 | 2 | 6 |
| ,, ,, 355 Kommando 1B2 | 44 | 17 | 0 |
| ,, ,, 356 Kommando 4A | | 4 | 0 |
| ,, ,, 357 Kommando 4A1 | 15 | 0 | 0 |
| ,, ,, 358 Kommando 4A2 | 6 | 0 | 0 |
| ,, ,, 359 Kommando 4A3 | 2 | 1 | 0 |
| ,, ,, 360 Kommando 4A | 19 | 14 | 6 |
| ,, ,, 361 Kommando 4B1 | 7 | 0 | 0 |
| ,, ,, 362 Kommando 4C | | 5 | 0 |
| ,, ,, 363 Kommando 4C3 | 7 | 12 | 6 |
| ,, ,, 364 Kommando 4C2 | 4 | 10 | 0 |
| ,, ,, 365 Generaal 4 | 2 | 0 | 0 |
| ,, ,, 366 Adj. Generaal 4 | | 10 | 0 |
| ,, ,, 367 Kommando 2A3 | 14 | 3 | 6 |
| ,, ,, 368 Kommando 8C | 11 | 17 | 6 |
| ,, ,, 369 Genl. 5 (Komm. 5A1 | 3 | 7 | 0 |
| ,, ,, ,, ,, 5A2 | 4 | 16 | 0 |
| ,, ,, ,, ,, 5A3 | 1 | 4 | 0 |
| ,, ,, ,, ,, 5A4 | 2 | 3 | 0 |
| ,, ,, ,, ,, 5A5 | 8 | 4 | 6 |
| ,, ,, ,, ,, 5A6 | 4 | 2 | 6 |
| ,, ,, ,, ,, 5B1 | 9 | 2 | 0 |
| ,, ,, ,, ,, 5B2 | 14 | 3 | 3 |
| ,, ,, ,, ,, 5B4 | 4 | 19 | 0 |
| ,, ,, ,, ,, 5A3 | 4 | 4 | 0 |
| ,, ,, ,, ,, 5C | 14 | 0 | 0 |
| ,, ,, ,, ,, 5C1 | 19 | 18 | 9 |
| ,, ,, ,, ,, 5C2 | 15 | 0 | 0 |
| ,, ,, ,, ,, 5C3 | 32 | 10 | 7 |
| ,, ,, ,, ,, 5C4 | 9 | 4 | 5 |
| ,, ,, ,, ,, 5C5 | 9 | 10 | 0 |
| ,, ,, ,, ,, 5C6 | 32 | 10 | 8 |
| ,, ,, 370 Kommando 4B5 | | 11 | 6 |
| ,, ,, 371 Kommando 3A1 | 6 | 0 | 0 |
| ,, ,, 372 Bydrae | | 5 | 3 |
| ,, ,, 373 Kommando 2A6 | 7 | 15 | 0 |
| ,, ,, 374 Kommando 1C1 | 17 | 18 | 2 |
| ,, ,, 375 Kommando 1C1 | 1 | 10 | 0 |
| ,, ,, 376 Kommando 1C3 | 1 | 10 | 0 |
| ,, ,, 377 Kommando 1C5 | 1 | 10 | 0 |
| ,, ,, 378 Kommando 1B1 | 1 | 1 | 0 |
| ,, ,, 379 Kommando 1B2 | 1 | 1 | 0 |
| ,, ,, 380 Kommando 1B3 | 1 | 10 | 0 |
| ,, ,, 381 Kommando 1B4 | 1 | 3 | 0 |
| ,, ,, 382 Bydrae 1B5 | 1 | 1 | 0 |
| ,, ,, 383 Kommando 1B6 | 1 | 10 | 0 |
| ,, ,, 384 Kommando 1C6 | 1 | 10 | 0 |
| ,, ,, 385 Kommando 2C1 en 2C4 | 11 | 0 | 0 |
| ,, ,, 386 Bydrae | 5 | 0 | 0 |
| | £7,071 | 18 | 5 |

## *PRAGTIGE DAAD VAN 'N PENKOPPIE*

'n Klein Penkop, Danie Brink, skryf die volgende briefie uit die Pastorie, Sutherland, aan genl. mev. J. S. du Toit, en stel daarmee 'n voorbeeld wat menige Afrikaner met trots sal vervul:

,,Liewe Generale,—Verlede Sondag met my verjaarsdag het Mammie vir my lekker kos gemaak en blommetjies op my stoel gepak, en Pappie het vir my 2/6 present gegee. **Ek stuur die 2/6 vir die kindertjies wie se Pappies in die tronk is, want ek wil ook baie graag vir hulle iets doen. Ek voel baie jammer omdat kindertjies van ons volk so swaar kry in ons land, en wens net dat ons al moet vry wees sodat hulle Pappies weer kan uit die tronk kom.''**


# Fondsdagviering
## (8 Augustus)

**STELLENBOSCH.**

(Onder beskerming van die Studente-kommando's)

**10 uur v.m. — 7 uur n.m.**

**COETZENBURG-VOETBALTERREIN.**

**7.30 n.m. — C.J.V.-SAAL.**

***Spreker (aand):***

**Hoofgenl. DR. VAN ZYL.**

Basaar (oggend), middagete, volkspele, boeresport, skyfskiet, braaivleis (aand), ens.

**Kom koop u vleis en groente vir die volgende paar dae hier.**

***Alle volksgenote welkom.***


## KORRESPONDENSIEKURSUS


**AFRIKANERS LUISTER HIER!** — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukursusse. Laasgenoemde kursusse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhde gratis van: **Unie-Boekhoukollege, Posbus 32, Alexandria.**



***HIER IS DIT NOU!***

# DIE STEM VAN DIE VOLK

Deur N. G. S. VAN DER WALT.

***Prys 1/6 Posvry.***

Die doel van hierdie werkie is tweërlei: *eerstens* om die toestand onder die verworde demokratiese stelsel soos ons dit vandag dwarsdeur die wêreld aantref, in verhaaltrant uit te beeld op 'n Afrikaanse agtergrond, en *tweedens* om met die verkoop daarvan die O.B.-Fondse te sterk.

**6d. op elke eksemplaar wat verkoop word, gaan vir die O.B.-Fonds.**

In hierdie skerts op die Britse demokratiese stelsel word die euwels wat die Party-stelsel kenmerk op helder en boeiende wyse aan die kaak gestel. Die inhoud is leersaam en pakkend.

Help met die verspreiding van hierdie nuttige werkie deur u bestelling sonder versuim (voor 8 Augustus) te plaas by u plaaslike Kommandant(e) of direk by die uitgewers:

**PRO ECCLESIA-Drukkery,** **Posbus 28 Stellenbosch**

**Kommando's word versoek om Eksemplare te bestel vir verkoop op 8 Augustus.**


## *Geklassifiseerde Advertensies*

### O.B.-FUNKSIE

O.B.-Funksie van Malmesbury vroue- en mans-kommando's op 8 Augustus 1942. Begin om 11 uur v.m. in die Landbou-Tentoonstelling-Grond. Die geleentheid bied u baie vermaaklikheid soos skyf skiet, **Jukskei gooi, Sport, Gimnastiek vertonings** en nog baie meer sal u aangebied word. **Maak seker dat u die funksie bywoon.** Alle vriende en belangstellendes word vriendelik hiermee uitgenooi. Die byeenkoms beloof enig van sy soort te wees, wat al hier op Malmesbury gehou is.

### VERLOWING

DU PLESSIS—STEYN: Hiermee wens Cecilia, tweede jongste dogter van mev. C. en wyle mnr. P. M. Steyn, Bakklysdrift, Swellendam, en Danie, oudste seun van mnr. en mev. C. J. du Plessis, Hartenberg, Koelenhof, bekend te maak dat hulle verloof is.

### GEBOORTE

ERASMUS. — Aan sers. en mev. F. Erasmus, Brakdam, Paul Roux, 'n fris klein Brandwag (seun) op 12 Julie 1942. Naas die Heer ons dank aan dokter en verpleegster.

### HUWELIK

MALAN—DE SWARDT. Ons, Dawid Malan en Bokkie de Swardt (Ass.-Hoofkomdte), albei van Port Elizabeth, maak aan vriende(inne) bekend dat ons op 6 Julie getroud is.

### DOODBERIG

ROSSOUW. — Verhuis na sy Hemelse-woning op 21 Julie, ons teerbeminde eggenoot en vader, Nicolaas, in die ouderdom van 70 jaar.

Die bedroefde Eggenote en Kinders.

Wolvenhoek,
Wellington.

### IN MEMORIAM

STRAUSS. — In tere herinnering dink ons terug aan 2 Augustus 1941, toe ons dierbare eggenoot en vader van ons weggeneem is. **Ons gun u die rus liewe vader.**

Verlangende Eggenote, Kinders en Kleinkinders.

Hofmeyrweg,
Tiervlei

### BENODIG

ONDERWYSERES. — Na Julie-vakansie, 'n onderwyseres vir een beginner. Afrikaansmedium. Salaris £2-10-0 per maand, vry inwoning. Meld kwalifikasies en ouderdom aan: **I. M. Maritz, Wonderboom, P.K. Loskop, Natal.**

### BETREKKING GEVRA

JONG getroude man wat in onguns geraak het by sy werkgewers omdat hy O.B.-gesind is, soek Klerikale betrekking. 5 Jaar ondervinding. Tans besig met privaatstudie vir die graad B.Com. Doen aansoek by No. 1, Die Sekretaris, Posbus 668, Bloemfontein.

### BETREKKING GEVRA

HARDWERKENDE jong Afrikaner, getroud, 30 jaar oud, geen gesin, soek enige redelike betrekking in besigheid, winkel, kantoor of plaas. 1931 gematrikuleerd, 10 jaar ondervinding in kantoorwerk en gewoond besigheid doen. Sertifikaat in Boekhou, sertifikaat in Suiwel. Ander getuigskrifte van werk en ondervinding. Gewillig om 'n boerdery op te werk. Skryf dringend aan **C. D., P/a. ,,Die O.B.,''** Kamer 916, Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

### TE KOOP

**AARTAPPELMOERE:** Arran Chief en Evergood, handuitgesoekte, om Augustus te plant. **Eiergrootte 20/-, Okkerneutgrootte 18/-** per sak. Vir 25 sakke en meer 1/- minder. Vir 50 sakke en meer 2/- minder. Kontant met Bestelling. **JOHN SCHOEMAN, VLAKTEPLAAS-STASIE, K.P.**

### TE KOOP

BOME: Geokkuleerde Pekaan-neutbome, Tung, **vrugte** en Rose. 20 jaar gevestigde besigheid. Bank: **Volkskas,** Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus.

**RUDMANSE EDENVALE KWEKERY,**
EDENVALE NATAL.

### TE KOOP

**AARTAPPELS!** Goewerment sertifiseerde eerste na invoer. Canadian Green Mountain. Vanaf 1½ onse en groter, 27/6 per sak. Goed vir plant September—Oktober. Doen aansoek by **P. W. COETZER, Bus 49 of Bus 20, CRADOCK.**

### BETREKKING VAKANT

AFRIKAANSE snelskrif-tikster. Salaris £11. Doen persoonlik aansoek by: DIE REDDINGSDAAD-KANTOOR, KAMER 904, GROOTE KERKGEBOU, KAAPSTAD.

### KAROO KRAALMIS

BESTEL vroegtydig en wees verseker van aflewering. Karoo Kraalmis, fyngemaal, geskik vir die gebruik met Kunsmistoestelle 27/- per 11 sakke-ton. **10 ton en meer 26/-. In u eie sakke 17/-. Vry gelewer Unie-stasies.**
**J. A. SCHOEMAN, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.**

**Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.**